

**Vrydag 18 Februarie**

**Skrifgedeelte: Lukas 10:25-37**

**Fokusgedeelte: Lukas 10:29, 36**

**Wie se naaste is ek?**

Die woordjie “naaste” lê geweldige verpligtinge op die gelowige. Dink maar net aan die grondreël van die koninkryk van God, dat jy die Here jou God moet liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en dat jy jou naaste moet liefhê soos jouself (vs 27).

Maar wie is jou naaste? Wie moet jy almal liefhê soos wat jy jouself liefhet? Is die boemelaar of die persoon wat jou kwaad aangedoen het, of die man of vrou met wie jy glad nie oor die weg kan kom nie, ook jou naaste?

Dit is die vraag waarmee die wetgeleerde na Jesus Christus gegaan het. Dit is egter ’n vraag wat uitsluit. Dit veronderstel dat daar êrens ’n grens is, ’n afsnypunt, dat daar mense is wat nie jou naaste is nie. Die priester en die Leviet van die gelykenis het waarskynlik ook so geredeneer. Daarom het hulle, al het hulle die wet van God geken en daarop geroem dat hulle dit nakom, kans gesien om die man wat aangeval was, te ignoreer, om verby te loop.

Jesus Christus het egter die wetgeleerde se vraag omgedraai. Nie “wie is my naaste” nie? Maar “wie van hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het?” ’n Mens sou ook kon vra: Wie se naaste is ek? Is ek ’n naaste? Het ek ’n hart vir ander mense?

As jy die vraag so stel, is die antwoord eenvoudig. Dan is jy die naaste van almal wat die Here op jou pad bring, wie dit ook al mag wees. Dit is hoe Jesus Christus ook geleef het. As Hy moes gevra het wie sy naaste is, sou Hy by ons verbygegaan het. Want ons was nie sy naaste nie. Ons was sy vyande. Maar Hy het dit nie gevra nie. Hy het gekom om ons naaste te wees.

*Sing: Skrifberyming 9-3:1*

*Ds. CJH Breed (Casper) (emeritus)*